Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

Nagraadse Diploma Teologie en Bediening (06220002)

Duur van studie	1 jaar
Totale krediete	120

Programinligting

Die Nagraadse Diploma (Teologie en Bediening) beoog die verwerwing van gevorderde teologiese kundigheid en praktiese vaardighede en is gemik op die algemene, breë bedieningspraktyk van die predikant. Kerkspesifieke opleiding en vorming word in samewerking met kerklike vennote aangebied.

Toelatingsvereistes

Behoudens die bepalings van Algemene Regulasies, word die BTh- (drie jaar van studie) en BDiv-graad (vier jaar van studie), of ’n kwalifikasie met ? minimum SAKO Vlak 7 uitkoms.

Addisionele vereistes

Behoudens die bepalings van Algemene Regulasies, word die BTh- (drie jaar van studie) en BDiv-graad (vier jaar van studie), of ’n kwalifikasie met ? minimum SAKO Vlak 7 uitkoms.

Eksamens en slaagvereistes

i. Eksamens word afgelê in ooreenstemming met ’n eksamenrooster wat deur die Dekaan bepaal word.
ii. Hereksamens word afgelê in ooreenstemming met ’n hereksamenrooster wat deur die Dekaan bepaal word.
iii. ’n Student kan in die finale studiejaar in hoogstens drie modules tot hereksamens toegelaat word. Die hereksamenrooster word deur die Dekaan vasgestel.

Slaag met lof

Die diploma word met lof aan ? student toegeken wat ten minste ? geweegde gemiddeld van 75% (GPA) in al die voorgeskrewe modules behaal op voorwaarde dat nie een van die modules voorheen gedruip is nie en dat die program binne die voorgeskrewe minimum tydperk voltooi is.

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 120

Alle modules moet gedoen word.

Kernmodules

Praktiese teologie 760 (PRT 760) - Krediete: 20.00
Kerkgeskiedenis en kerkreg 760 (KGS 760) - Krediete: 20.00
Dogmatiek en Christelike etiek 760 (DCE 760) - Krediete: 20.00
Nuwe-Testamentiese wetenskap760 (NTW 760) - Krediete: 20.00
Godsdiens- en sendingwetenskap 760 (GSW 760) - Krediete: 20.00
Ou-Testamentiese wetenskap 760 (OTW 760) - Krediete: 20.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.